

# St. Metrofanes van Bisantium

## 4 Junie

(sterf 325)

Hy was lid van die keiserlike familie van Rome, die susterskind van keiser Probus. Dit moes baie moed gekos het vir iemand in sy posisie en in daardie tyd van vervolging om Christen te word. Hy neem Jesus Christus aan as sy Heer en Heiland en word priester gewy deur biskop Titus van Bisantium vir wie hy in die jaar 313 as biskop opvolg. Dit was glo aan sy invloed te danke dat die eerste Christelike Romeinse keiser, Konstantyn, die hoofstad vanaf Rome na Bisantium verskuif het. Hy hernoem die stad Konstantinopel (later Istanboel in modern Turkye).

© Die Oratorium Uitgewery